


Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Oktober 2021 Uitgawe 2



COVID-19 is real, says ICU doctor

Page 4



STAY SAFE

VACCINATE TO SAVE SOUTH AFRICA


TOGETHER WE CAN BEAT THE CORONAVIRUS



Orefile Mthombeni blazes a trail in aviation

Page 9

SA to roll out vaccine certificates



President Cyril Ramaphosa has announced that the Department of Health will soon roll out a vaccine cer-

tificate as proof that residents have been vaccinated against the Coronavirus Disease (COVID-19). Addressing the nation

recently, the President said the digital pass system could be used to show vaccination status to facilitate travel, access to establishments,

gatherings and other forms of activity.

“Our approach is informed by World Health Organisation guidelines and is in line with

international best practice. Streamlining and standardising proof of vaccination will also go a long way towards getting a number of international travel restrictions both from and into our country eased,” he explained.

The President also announced that the country would move from Adjusted Alert Level 2 to Adjusted Alert Level 1 after it exited the COVID-19 third wave.

“Getting vaccinated is not only about protecting yourself and those around you; it is also about preventing new and more dangerous variants from emerging.

The virus can spread and mutate in unvaccinated populations,” President Ramaphosa said.

However, he urged South Africans to continue to adhere to the basic precautions to limit the spread of the virus, even if they have vaccinated.

Economic recovery

President Ramaphosa said the country’s priority is economic recovery to make room for job creation and help businesses hard hit by the pandemic get back on their feet.

“The only way that we can

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: www.gcis.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE



Korrupsie in die staatsdiens moet stop

Die onlangse onthulling in die Parlement dat duisende staatsamptenare elke maand onwettig maatskaplike toelae ontvang, bewys dat ons nog 'n lang pad het om te stap om 'n kultuur van werksetiek in die staatsdiens te vestig.

Vroeër vanjaar is daar ook bevind dat meer as 16 000 werknemers in diens van die staat onreëlmatige uitbetalings van die spesiale KOVID-19 maatskaplike noodverligtingstoelaag ontvang het. Dit is algemeen bekend dat mense wat om hierdie toelaag aansoek doen terwyl hulle wel 'n ander bron van inkomste het, nie vir die toelaag kwalifiseer nie. Dit is ook vanselfsprekend dat mense wat 'n inkomste vanaf die staat ontvang, nie in aanmerking kom om vir hierdie toelaag aansoek te doen nie.

En tog het hulle. Sowat 17 000 mense werksaam by die staat, op beide nasionale en provinsiale vlak, het aansoeke ingedien met die doel om hul salarisse aan te vul met geld wat vir die behoeftiges bestem is. Gegewe die omvang van armoede in ons land, iets waarvan ons staatsamptenare maar ál te bewus is, is hierdie doelbewuste diefstal uit die staatskoffers onvergeeflik.

Die staat is nou besig om streng stappe te neem om hierdie soort misbruik teen te kant en sal korte mette maak van enige staatsamptenare wat hul skuldig maak aan sulke misdade.

Die staat het onlangs 'n nuwe eenheid vir etiek, integriteit en



dissiplinêre tegniese bystand in die openbare administrasie gestig. Die eenheid sal kapasiteit ontwikkel onder openbare instansies om dissiplinêre aksies van stapel te stuur in gevalle van wangedrag en sal met ander staatsinsellings saamwerk om diegene wat hulle aan ongerymdhede skuldig maak, tot verantwoording te bring.

Die eenheid sal korrupsiesake na die staat se teenkorrupsietaakmag verwys en opvolg met departemente om seker te maak dat kriminele sake waarby staatsamptenare betrokke is, tot dissiplinêre aksie lei. Die eenheid sal saam met die multi-agentskap Fusion Centre werk om werknemers betrokke in prioriteitsake wat deur die wetstoepassingsoverhede ondersoek word, te identifiseer.

Die eenheid sal die leefstyl-oudits op staatsamptenare monitor. Waar departemente korrupsie en onverklaarbare welgesteldheid identifiseer, sal die sake na die Suid-Afrikaanse Polisie diens verwys

word.

Die nuwe eenheid het reeds in alle erns skouer aan die wiel begin sit en help om staatsamptenare te identifiseer wat betrokke is in sake wat met KOVID-19-verkrygingsbedrog, asook bedrog rakende die spesiale KOVID-19-toelaag en die Werkloosheidsversekeringsfonds, verband hou.

Sake waar staatsamptenare deur die Spesiale Ondersoek eenheid vir dissiplinêre aksie verwys is, sal deur die eenheid gemonitor word om hierdie sake se vordering te volg.

Nog 'n belangrike deel van die eenheid se werksaamhede sal wees om etiek en integriteit in die range van die staatsdiens te vestig. 'n Paar staatsamptenare het oor die jare heen die standpunt ingeneem dat dit toelaatbaar is om uitermate voordeel te trek uit die staat of om besigheid met die staat te doen, hetsy deur hulself of hul vriende en familie, mits daar niks onwettig plaasgevind het nie. Ons moet alles binne ons vermoë

doen om hierdie houding tot niet te bring.

Waar ons daaraan werk om korrupsie hok te slaan, moet ons eweneens fokus op die vestiging van etiese gedrag, want dinge wat nie noodwendig onwettig is nie, kan oneties of onbetaamlik van 'n staatsamptenaar nie.

Die nuwe eenheid sal norme en standaarde met betrekking tot etiek, integriteit en gedrag instel. Dit sal ook die kapasiteit van departemente ontwikkel om amptenare wat aan wangedrag skuldig bevind word, te dissiplineer. Laasjaar is meer as 200 werknemers opgelei as inligtingsbeamptes en inleiers.

Die bou van 'n etiese, bekwame staatsdiens bly steeds 'n fokuspunt van dié administrasie.

Soos ons kan sien uit 'n hele paar skandale die afgelope paar jaar waar staatsamptenare onwettig voordeel getrek het uit die regering, sal hierdie proses moeilik wees en 'n hele ruk neem. Ons is egter vasbeslote om hierdie doelwit te bereik.

'n Bekwame staat dien as die fondasie om ons nasionale prioriteitsdoelwitte te bereik. Sonder om verantwoordbaarheid te verskerp en etiese gedrag te bevorder, sal hierdie doelwitte buite bereik bly.

Die oorgrote meerderheid staatsamptenare is pligsgetrou, verbind tot etiese gedrag en wetsgehoorsaam.

Die taak wat ons voorlê is om saam te werk om daardie staatsamptenare wat nie hierdie waardes volg nie, uit die staatsdiens te verwyder en die wanbegrip dat almal wat in diens van die staat korrup of selfsugtig is, reg te stel.

Ek doen 'n beroep op die mans en vroue wat ons land elke dag dien om opnuut hulself te verbind tot die waardes van onbaatsugtigheid en diens, en om te onthou dat hul gedrag ten alle tye beide wettig en eties moet wees.

Die vestiging van hierdie eenheid is net nog een van die maniere waarop ons hard werk om korrupsie in die regering en, inderwaarheid, in alle sferes van ons land se daaglikse bestaan, wil uitroei.

Partnerships tackle gangsterism

Silusapho Nyanda

Former gang leader Welcome Witbooi (38) has warned parents to monitor their children closely and spend enough time with them to keep them away from gangs.

"It's the small details parents must pay attention to. Suddenly coming home late is one of the critical signs. If your child is suddenly buying a cell phone or sneakers, you should be concerned and take immediate action," he says.

Witbooi joined a gang at the age of 12. He says when The Firm, a gang that no longer exists, was recruiting him, it offered him the promise of a family structure.

Witbooi came from a



Gangster turned motivational speaker Welcome Witbooi helps keep children away from being gang members.

single grandmother-headed home.

"Before the gang recruits you, they know your family situation. If a parent interacts with their children, the

gang can't influence the child," says Witbooi, who has formed BrightSpark Foundation SA to help youth stay away from gangs.

Adults play a crucial role in ending gang activity in their neighbourhoods.

Western Cape Anti-Gang Unit (AGU) Acting Commander Colonel Karl Wienand says the unit has formed partnerships, through community engagement programmes, to curb organised crime in the province.

The AGU engages with community members, non-governmental organisations that fight social ills, such as drug use.

The organisation also works with community policing forums and neighbourhood watches.

"This helps us learn about the areas and individuals we should be looking at. In cases where people are not able to speak freely, they

contact us directly and we meet them in a discreet and secure manner," Wienand says.

The unit has 189 members conducting operations in the Western Cape, 132 in the Eastern Cape and 78 in Gauteng.

The AGU has also formed strong partnerships with various law enforcement bodies, including the Asset Forfeiture Unit, National Prosecuting Authority and the SAPS' Detective Services. Together they have seized guns used by drug dealers.

Community members can report crime at the nearest police station or by calling **10111**. To contact the Western Cape AGU, call 071 673 1615. To contact the BrightSpark Foundation, call **064 384 7360**.

Maak seker dat jy 'n testament het!

Indien jy nie 'n geldige testament het nie, het jy geen seggenskap oor wie jou bates erf met jou afsterwe nie. Dit beteken dat mense jou bates of geld kan erf, al wil jy nie noodwendig hê hulle moet nie.

Indien 'n persoon sterf sonder om 'n testament op te stel, sal die bates in hul besit volgens die bepalings van die Wet op Intestate Erfopvolging verdeel word onder die mense wat dit regmatig moet erf.

Die Wet sit reëls uiteen waarvolgens die boedel verdeel moet word. Dit gaan eerstens na naasbestaandes, in 'n spesifieke volgorde.

- As jy slegs 'n gade agterlaat, erf hy of sy die hele boedel.
- As jy nie 'n gade het nie en slegs kinders agterlaat, erf hulle die boedel in gelyke dele.
- As jy 'n gade en kinders agterlaat, erf die gade óf



'n kinderdeel óf R250 000 — watter bedrag ook al die meeste is — en die res word onder die kinders verdeel. Byvoorbeeld, as die boedel R2 miljoen werd is en die oorledene 'n gade en drie kinders agterlaat, beslaan 'n kinderdeel R500 000. Dié kinderdeel word bereken deur die waarde van die boedel deur vier te deel.

- Indien jy nie 'n gade of kinders het nie, maar beide jou ouers leef nog, erf hulle die boedel in gelyke dele. Indien een ouer reeds afgestorwe is, maar

sibbe het wat nog leef, erf hulle die gestorwe ouer se helfte; en die ouer wat nog leef, erf die ander helfte van die boedel.

- Indien beide die oorledene se ouers reeds oorlede is, maar hulle nasate het, word die boedel gelykweg onder dié nasate verdeel.
- Indien die oorledene nie 'n gade, nasate, ouers of ouers se nasate agterlaat nie, erf die naaste bloedverwant die hele boedel.
- Laastens, indien die oorledene nie enige bloedverwante agterlaat nie, ontvang die staat die op-

brengrste van die boedel. Bykomend tot bogenoemde kan 'n kind wat buite die eg gebore is van beide bloedverwante erf; en 'n aangenome kind word beskou as 'n nasate van sy of haar aangenome ouer of ouers.

Wanneer is 'n testament geldig?

'n Testament is slegs geldig indien dit opgestel is deur 'n persoon van 16 jaar of ouer en moet voorts ook aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit moet geskrewe wees, en jou handtekening moet op elke bladsy asook aan die einde van die dokument verskyn.
- Dit moet geteken word deur twee of meer bevoegde persone. Enige persoon van 14 jaar of ouer kan as getuie dien. 'n Erfgenaam kan egter nie as getuie dien nie.
- Jy moet volledige inligting oor jou bates verskaf en aandui watter persone

watter bates moet ontvang, met die volledige name en inligting van die begunstigdes.

- Jy moet 'n persoon nomineer om jou boedel te be-redder (die boedelbered-deraar). Hierdie persoon kan nie 'n erfgenaam wees nie.
- Jy moet aandui wat met 'n minderjarige erfgenaam se erflating moet gebeur.
- Indien jy die alleenvoog van 'n minderjarige kind is, moet jy aandui wie as die kind se nuwe voog aangestel moet word.
- Jy moet seker maak dat die oorspronklike, getekende testament veilig bewaar word, aangesien 'n afskrif nie geldig is nie.

Inligting verskaf deur die Kantoor van die Ombud van Finansiële Dienste-verskaffers as lid van die Nasionale Komitee vir die Finansiële Onderrig van Verbruikers.